Sondag **29 Desember**
**Skrifgedeelte: Titus 2:1-10 (AFR53)**
**Fokusgedeelte: Titus 2:10**

**Omdat ons glo, verkondig ons die Here!**

In Titus 2 hoor ons dat Paulus vir Titus aanmoedig om met die gesonde leer die verskillende mense in die kerk toe te rus met sekere beginsels wat by elke groep pas. Die gesonde leer verwys volgens die briewe aan Timoteus en aan Titus na die evangelie.

Dit beteken: Uit die leer oor die genade van God wat Hy in sy Seun Jesus Christus bewys, in Hom wat ons sonde aan die kruis dra, moet ons op hierdie manier reageer. Elke geslag, in hulle onderskeie fasette van die lewe, behoort hulle heiligheid voor God op die onderskeie maniere te leef. Natuurlik is daar ook sake waaraan Titus as predikant aandag moet gee. Paulus gee ook rede vir sy instruksies, en hierdie rede is van toepassing op al die groepe. Leef so, dat:

- die Woord van God nie belaster word nie;
- sodat die teëstanders beskaam kan word en niks slegs kan hê om van julle te sê nie;
- sodat julle die leer van God, ons Verlosser, in alles kan versier.

’n Mens kan sê dat die eienskappe wat Paulus elke mens toeskryf, die bediening van die evangelie ondersteun. Elkeen daarvan is bedoel om die evangelie te versier, kan ons sê.

Dit beteken nie dat ons dit moet mooi maak met ons lewe nie, want dit is volmaak. Dit beteken dat ons moet wys watter uitwerking dit op ons het deur met die heilige lewe te antwoord op wat ons glo. Ons praat dus nie net van die Goeie Nuus nie, ons leef die verandering wat dit in ons voortgebring het.

Soos Christus dit leer in Matteus 7:15-20, word ’n boom aan sy vrugte geken, en die opregtheid van die profeet en die gelowige aan hulle lewe. Wie sal tog luister na iets wat jy sê as dit nie lyk of dit regtig ’n verskil aan jou maak nie?

Omdat ons glo, verkondig ons die Here!

*Sing: Psalm 138-1:1, 2*

*Ds. HFR (Riekert) Pelser (Kemptonpark)*